

Teks: AAND – 27 Januarie 2019

“My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.” **Hoséa 4:6 (OAV)**

DIE WÊRELD VERANDER

“n Paar mans het daar aangekom terwyl hulle 'n verlamde man op 'n slaapmat dra. Hulle het deur die skare probeer dring om by Jesus uit te kom, maar hulle kon nie daarin slaag nie.” **Lukas 5:18 (NLV)**

DIT WERK NIE

“Heel eerste wil ek julle herinner dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die waarheid bespotlik maak en doen net waarvoor hulle lus is.”
2 Petrus 3:3 (NLV)

“BYBEL IS ALLES” ANDER AANSLAG

Hulle het dus op die dak geklim, 'n paar teëls losgemaak en die verlamde man deur die opening laat sak, tussen die mense in, tot reg voor Jesus.” **Lukas 5:19 (NLV)**

“My broers, as een van julle van die waarheid afdwaal en iemand sou hom terugbring, weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigte sondes vergewe word.” **Jakobus 5:19-20 (NAV)**

“n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”
Romeine 5:7-8 (NAV)

IETS HET GEBEUR!

“Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die man: “Mens, jou sondes is vergewe.” **Lukas 5:20 (NLV)**

“En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud. Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het.” **1 Korintiërs 15:14, 20 (NAV)**

“Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” **Johannes 1:29 (NAV)**

“Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” **Matteus 28:18-19 (NAV)**

WAT IS DIE GELOOF VAN DIE VOLGENDE GENERASIE WERD?

En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” **Matteus 28:20 (NAV)**